

Vrees of vertroue?

Hoor Jesus se voetstappe!

Moet op prinse nie vertrou nie

Wat beleef ek in 'n warboel-
wêreld: Vrees of vertroue?



Die Fontein

HIERDIE MAAND IN DIE FONTEIN

APRIL 2026

Redaksioneel

01 Uit die redakteur se pen

Geestelike groei

02 Woordoordenking: Ons hoop in Christus

04 Vrees of vertroue?

06 Hoor Jesus se voetstappe!

07 Moet op prinse nie vertrou nie

08 Wat beleef ek in 'n warboel-wêreld: Vrees of vertroue?

09 Gebedsversoeke: Vrees of vertroue?

Gemeentenuus

10 Saam-stap in die Here se Koninkryk

11 Stille Week 2026 - Ons Hoop in Christus (refleksie)

12 Amazing race / In die voetspore van sy pa!

13 Geestesgaweskursus - Toegerus om te dien

14 Gesels oor Jesus

15 Sustersaamtrek

16 Kerkfinansies

Rubrieke

17 Kollig: Sosiaal

18 Diakonie: Dienswerk deur die diaken

19 Dit Borrel in my!

20 Blokraai

21 Het jy geweet?

22 Ons deel met mekaar ...

23 Diere en voëls van die Bybel

24 Briewekolom

25 Tienerfokus

Kinderhoekie

26 Vervolgverhaal

27 Kleuterpret

28 Jongmensjolyt

Advertensies

29 Blokadvertensies

Teks vir die maand:

Psalm 56: 1-5: "In God stel ek my vertroue. 'n Gedig van Dawid na aanleiding daarvan dat die Filistyne hom in Gat gevange geneem het.

Wees my genadig, o God, want daar is mense wat my jaag, vyande wat my vervolg van die môre tot die aand. Vroeg en laat jaag my teëstanders my, en ek het baie vyande, o Allerhoogste. Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U. In God, wie se woord ek prys, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan 'n blote mens aan my doen?"



Uit die redakteur se pen

Soms voel dit of dié dinge waarvoor ons bang is, agter elke heining uitspring of om elke hoek vir ons wag. Ons word daaglik met gebeure gekonfronteer wat vrees in ons aanwakker. Wat van ..., sê nou maar..., netnou ..., miskien ..., en pasop vir ... het deel van ons daaglikse omgangstaal geword.

Koerantberigte en stories wat op sosiale media aangestuur word, help ook nie juis nie. Baie van die stories is daarop uit om sensasie aan te blaas wat die teelaarde vir vrese skep.

Vrees vir gebeure en die onbekende kan ons lewens totaal oorneem en veroorsaak dat ons elke mens en elke situasie met agterdog bejeën. Dit kan meebring dat ons vyandig teenoor ander optree, of dat ons begin om uit die lewe te onttrek. Wanneer ons voortdurend uit vrees optree, verdring dit naderhand vertroue en liefde.

Daarteenoor skep vertroue in die Here 'n rustigheid omdat ons besef dat ons in sy hande vasgehou word.



En dit is juis waarop ons in hierdie maand se Fontein met ons tema -

Vrees of vertroue? fokus.

In ons toerustingsafdeling probeer ons om die aspekte wat vrees veroorsaak binne die konteks van ons vertroue in die Here te plaas.


Ons kyk ook verder hoe die diakonie se werksaamhede en werksgroepe ons gemeente ondersteun. Ons sien hoe die verskillende aktiwiteite wat ons gemeente aanbied, bou aan ons verhoudings met mekaar en met ons Vader.

Ons wil weer 'n beroep op die “grootmense” doen om seker te maak dat Die Fontein by al ons dooplidmate, van kleuter tot tiener, uitkom sodat hulle ook kan deel in die aktiwiteite wat hulle geloof versterk. Onthou om die blokkiesraaisel in te vul en by die Kerkkantoor in te dien.

U is welkom om enige briewe, geloofservarings of ander nuus per e-pos in te stuur na

fontein@annlin.co.za.

Lekker lees!
Magda



Woordoordenking: Ons hoop in Christus

Ds. Nic van der Walt

Ons beleef op talle terreine van die lewe intense druk en selfs vrees vir die toekoms.

In die Midde Ooste woed die verskriklikste oorloë. Daarvan praat die Here in sy profetiese rede. Markus 13:7-8 sê:

“oorloë en gerugte van oorloë ... en daar sal aardbewings wees op verskillende plekke, en daar sal hongersnode wees en beroeringe.”

Natuurrampe ... maar ook geloofsverdrukking. Markus 13:19 en 22 praat van 'n verdrukking en deur valse christusse. Dink maar aan die lyding en vervolging van Christene in Afrika en die Ooste. Hiervan is ons nog in ons land 'n groot mate gespaar. Godsdiensvryheid word nog aanvaar.

In hierdie Paastyd dink ons terug aan die lyding en vrees van ons Here Jesus Christus in die tuin van Getsemané. Sy intense stryd dat die lydensbeker by Hom sou verbygaan – ter wille van ons verlossing. Maar ons jubel ook in die opstanding: die oorwinning oor die dood.

Daarom is daar hoop in Christus.

Maar waartoe roep die Here se Woord ons vandag op om as hoopvolle mense te leef?

Dit is wat Romeine 5:3-5 ons leer: Die apostel noem hoe die hoop in Christus ons deur verdrukkinge en volharding en geloofs-betroubaarheid lei tot die ewige hoop wat nie beskaam nie.

Lees Romeine 5:1-5

Om te roem in verdrukking:

“Maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlijkheid met blydschap kan jubel.”

(1 Petrus 4:13-14)

Christene roem in verdrukkinge

- omdat hulle saam met Christus en tot eer vir Christus ly.
- omdat Christus se krag in hulle verdrukking geopenbaar word.
- omdat die geloofroem in verdrukkinge ons gereed maak vir die hemelse heerlijkheid.

Geloofsroem bring volharding:

Ons roem in verdrukking omdat verdrukking geduld en volharding teweegbring. Onder die grootste verdrukking bring dit krag en betroubaarheid in ons geloof.

“En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakhede volbring. Baie liever sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon.” (2 Korintiërs 12:9)

Psalm 119 vers 25 (berym) **“Dat U my verdruk het, HERE, dit was enkel goed vir my, want daardeur het U my dieper in U kennis ingelei. Daarom is dit my veel beter as die allerrykste skat, meer as al die goud en silwer wat die wêreld kan bevat.”**

Woordoordenking: Ons hoop in Christus (vervolg)

Geloofsroem bring betroubaarheid:
Hierdie woord **“dokimeï”** (Grieks)
beteken: betroubaarheid, egtheid. As ons
volhard in geloof is ons geloof eg,
betroubaar en geloofwaardig. Dit
beteken:

- Verdrukking (beproeving) bring blydschap. Die Macedoniese gemeentes het onder baie beproewinge deur verdrukking hulle blydschap behou (2 Kor. 8:2)
- Dit bied die bewys oftewel betroubaarheid of egtheid van ons geloof (2 Kor. 13:3 – ’n Bewys van Christus wat in die apostel spreek en 2 Kor. 12: 9 – Volharding bied die bewys of betroubaarheid van God en die geloofsgetuienis oor Hom).
- Dit beteken ook approbasie of aanbeveling. Dus volharding onder verdrukking is die aanbeveling dat so ’n gelowige se geloof betroubaar is. Hy het die toets geslaag.

“Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet.” (Jakobus 1:12)

Dus volharding maak jou betroubaar!
“sodat die beproefheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlijkheid by die openbaring van Jesus Christus;” (1 Petrus 1:7) Dit beteken dus dat geloofsvolharding wat gelouter word soos vuur, kosbare goud na vore bring.

Die HOOP in Christus wat nie beskaam nie:
So bring geloofsroem en geloofsvolharding en belooftbetroubaarheid die ewige HOOP na vore.

Hierdie gelouterde geloofsvolharding onder die grootste verdrukking bring die HOOP wat nie beskaam nie. Dit beteken hierdie hoop in Christus sal nie teleurstel nie. Dit is die moeite werd om te hoop in Christus.

“Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam staan nie”. (Rom 9:33).

Geloof, wat met ’n vroom lewe bewys lewer, sal die gelowige nie teleurstel nie.

Hierdie versekering dat ware geloof, hierdie onbeskaamde hoop, nooit teleurstel nie, setel in die liefde van God wat Hy deur sy Gees in ons harte uitstort. Dit is God se liefde vir ons, in ons. Dit is die liefde dat Christus sy lewe aan die kruis geoffer het toe ons nog sondaars was.

So omspan die hoop in Christus ons hele lewe: deur verdrukking heen, deur volharding heen – die bewys dat ons geloof betroubaar is.

Van verdrukking tot hoop!



Vrees of vertroue?

Marianne Janse van Rensburg

Soos 'n kindjie bang is vir die donker en die onbekende wat daar skuil, is vrees 'n tasbare bedreiging van wat kan gebeur en weer kan gebeur.

In hierdie donker word die emosionele verbeeldingswêreld gevoed deur onsekere uitkomstes wat gulsig gryp na die standvastigheid van geloof en God se waarheid waarin ons vertroue lê.

Die geestelike voedingsare word nie net vernou nie, maar slu en gierig torring dit aan die kind van God se lewegewende anker in sy geloof en **“wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is”** (2 Kor. 4:4-5). So word vertroue in God vervang met vrees vir verwerping, van die obsessie om gesien te word en ontevredenheid met jou eie omstandighede.

Groepsdruk om te konformeer en die obsessie met perfeksie word oplaas die wêreld se norm en veroorsaak by ons die vrees om nie in te pas nie.

“Die ironie van die wêreld is dat die wêreld dink gelowiges se swakheid lê in hulle geloof”, skryf ds. Werner Brotherton van Heidelberg.

Waar die lig van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, nie skyn nie, daar verkondig die wêreld net homself en plaas sy vertroue in sy eie wispelturige ‘waarheid’.

Dis juis die verdraaiing van God se Woord wat 'n onskuldige Eva en Adam na die eerste sonde gelei het en die mens van sy geregtigheid voor God vervreem het. So het Satan doelgerig met onverbloemde arrogansie die onbesmette Seun van God probeer verlei.

Vrees bestaan nie sonder die vyand nie. Vertroue bestaan nie sonder dankbaarheid, 'n oorgawe aan God en die wete dat jy 'n sondaar is wat vergifnis ontvang het nie.

“Daar is net twee maniere om van die maalstroom te ontsnap: deur die dood, of die lewe ...”



Vrees of vertroue? (vervolg)

“God se genade en sy liefde het geen einde nie en sy trou duur van geslag tot geslag. Hy bied jou beskutting, sorg en troos in sy teenwoordigheid.”

Vrees begin aanvanklik klein totdat dit jou onstuimig en dreigend meesleur na die diep, onbekende donkertes van die lewe. Daar is net twee maniere om van die maalstroom te ontsnap: deur die dood, of die lewe.

Kies die lewe, sê die Woord.

Vertrou jy en roep jy uit na jou Redder? Loop jy terug op jou lewenspad en vra dat God jou hart sal ondersoek en uitwys wat jy daar versteek?

Gaan jy terug op jou spore na 'n vergete daad van ongehoorsaamheid aan God se twee grootste gebooie en bely dit?

Vra die Heilige Gees om dit vir jou te wys.

As jou vertroue in God se almag, welwillendheid en uiteindelik liefde vir jou faal, faal jy. Om jou vertroue te herwin, moet jy weer die onverdunde geloof dat GOD IS, kies.

Sonder oorgawe aan sy wil sal jy nooit die Goddelike planne van voorspoed smaak nie. Jy sal nie voorbereid en toegerus wees op 'n lewe wat besaai is met moeilikheid nie.

God se genade en sy liefde het geen einde nie en sy trou duur van geslag tot geslag. Hy bied jou beskutting, sorg en troos in sy teenwoordigheid.

Hy sê:

“Kom terug na die vestingstad toe, gevangenes wat nou hoop het! Ek verseker jou vandag: Ek gee jou twee maal soveel as wat jy gehad het” (Sef. 9:12).

Vertrou die Here wanneer hy jou terugnooi na sy veiligheid, in die vaste wete dat hy jou vryheid teruggekoop het, dat Jesus die kettings van vrees vir jou gebreek het, dat sy omarming hoop herstel en jy in sy oorvloed sal deel, tot in ewigheid.

Lees 2 Korintiërs 4: 4-18 en Romeine 5.

Hoor Jesus se voetstappe!

Ds. Pieter Kurpershoek

Wat hoor jy en ek wanneer ons van die oorlog in Iran hoor, van die oorstromings in die wildtuin en in Durban, van die misdaad orals in ons land?

Hoor ons dreigende donderslae van onheil?

OF

Hoor ons Jesus wat tree-vir-tree in ons wêreld inkom?

Jesus se dissipels het nou net gehoor hoe Jesus oor die Joodse leiers gehuil het. Hulle het ook gehoor hoe Jesus gesê het dat die tempel afgebreek gaan word. Daarom vra hulle ontsteld vir Jesus:

“Sê vir ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat sal die teken van u koms en van die einde van hierdie wêreld wees?”

(Matteus 24:3)

Vir hulle klink alles donker en dreigend en daarom wil hulle weet:

Hoe weet ons dat U gaan terugkom?

Op 'n manier ontstel die Here Jesus hulle verder:

- Jesus praat naamlik van oorloë en gerugte van oorloë, van aardbewings en hongersnode, van nasies wat mekaar gaan probeer verskeur.
- Ook sê Jesus dat hulle as dissipels baie swaar gaan kry. Hulle gaan mishandel, doodgemaak, gehaat word. Die kerke gaan leegloop. Gelowiges gaan mekaar verraai en haat.
- En in die wêreld gaan dit chaoties word. God se wet gaan geen invloed meer hê nie. Mense se omgee vir mekaar gaan wegsyfer. Dit gaan 'n wêreld wees waarin Kaïn en Lameg en Esau en Goliath die norm word.

“Ons kan met moed leef, want Jesus belowe dat elkeen wat as gelowige tot die einde volhard, gered gaan word.”

Maar tog sê Jesus iets besonders oor hierdie swaarkry gebeure, want Hy noem dit:

“Die geboortepyne van die nuwe tyd!”

(Matteus 24:8)

Die oorloë, die misdaad en die oorstromings is dus die eerste klanke waarmee Jesus aandui dat Hy terugkom. Die swaarkry gebeure sê dat ons Here Jesus op pad is! Daarom maak die hartseer gebeure in ons wêreld ons nie net benoud nie, maar ook opgewonde: **Jesus kom terug!**

Maar ons kan ook baie helderder voetstappe van Jesus in Matteus 24:14 hoor:

- Hy laat naamlik sy Goeie Nuus in hierdie wêreld aankondig - week na week, maand na maand, jaar na jaar en eeu na eeu.
- Hy laat sy Goeie Nuus preek in Jerusalem én in Antiochië én in Athene én in Rome én in Moskou én in Washington én in Pretoria-Annlin.
- En Hy stop nie hiermee voor al die nasies van Hom gehoor het nie!

Helder klink Jesus se voetstappe dus in ons wêreld en duidelik kan ons hoor dat ons wêreld nie besig is om uitmekaar te val nie. Inteendeel, **Ons Here Jesus IS op pad!**

Daarom kan ons volhard. Ons kan met moed leef, want Jesus belowe dat elkeen wat as gelowige tot die einde volhard, gered gaan word. Daarvoor sorg Hy, ons Here Jesus, wat vir ons intree, soos Hy vir Petrus biddend ingetree het.

Moet op prinse nie vertrou nie

Magda du Toit

In Psalm 146:3 (Afrikaans 1933/1953)
kry ons die waarskuwing:

Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie.

Die Boodskap vertaal hierdie gedeelte so dat die feilbaarheid van mense duidelik na vore kom.

Moenie op mense staatmaak nie. Jy kan dalk dink dat mense in hoë posisies jou sal kan help. Moenie glo nie. Mense bly maar net mense.

Ons wil so graag op ander mense vertrou. Ons wil weet dat hulle daar sal wees en ons sal help wanneer ons hulle nodig het. Helaas, ondervinding het ons geleer dat ons maklik teleurstelling ervaar wanneer ons ons heil by mense soek. Ja, mense bly maar mense met eie agendas en voete van klei.

Destemmer is die teleurstelling ekstra groot wanneer ons sien hoe mense wat ons in geestelike leiersposisies geplaas het, soos ouderlinge, predikante of ons ouers ook soms voor versoekings swig of onder druk ingee. Daarom is dit noodsaaklik om nie jou geloof en godsdiens aan mense te koppel nie, maar aan die drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees.

Soms kan dit ook gebeur dat ons ons vertrou in mense stel wat ons glo vir ons 'n goeie woordjie kan doen by die werk. Dit is nie verkeerd om goeie verhoudinge te kweek nie, maar ons moet oppas dat ons nie al ons hoop op hierdie mense plaas nie.



“Ons mag egter nooit mense bó God stel nie. Ons mag nooit meer op mense vertrou as op die Here nie.”

Die verantwoordelikheid om hard te werk en ondervinding op te doen, berus by onself. Ons reputasie en loopbane moet gebou word op, en in ons verhouding met die Here.

Die Here is die enigste Een wat ons werklik kan help. Ons mag nooit toelaat dat ons aandag deur ander mense of sogenaamde hulpmiddele afgelei word nie. Die Here alleen is die bron van ons wysheid om die regte keuses uit te oefen en daarom moet ons met afwagting na Hom kyk.

Ons moet soos Maria by Jesus se voete gaan sit met volle vertrou en met 'n opgewonde afwagting op dit wat Hy ons bied en beloof.

Betekén dit dan dat ons nooit ander mense moet vertrou nie? Nee, dit is nie die bedoeling nie. Ons mag egter nooit mense bó God stel nie. Ons mag nooit meer op mense vertrou as op die Here nie.

Psalm 146 vat dit mooi saam in verse 2 en 3:

“Moet op prinse nie vertrou nie, by wie niemand heil kan vind – op die mens jou hoop nie bou nie; want as God hul gees ontbind, keer hul na die aarde weer en hul raadslag stort terneer. Salig hy wat in die lewe, sonder hulp en sonder raad, as hom alles wil begewe, vlug tot God, sy toeverlaat; en ook in die swartste nag op die Here alleen bly wag.”

Gebed van vertrou: Here in u hande plaas ek my lewe. Amen.

Wat beleef ek in 'n warboel-wêreld: Vrees of vertroue?

Pieter Kurpershoek

Iran. Oekraïne. Venezuela. Kuba.
President Trump. President Putin.
Ayatollah Mojtaba Khamenei.
President Zelenskyy.
VSA. EU. NATO. Rusland.

Soos mens die name noem of lees, beleef jy opnuut die onsekerhede wat hierdie name in jou gemoed na vore bring, die vrese oor wat in ons wêreld aan die gebeur is, die vrae oor die toekoms. Mens hoor Pous Leo XIV se oproep op Paassondag: Laat dié wat wapens het, dit neerlê! Laat dié wat die mag het om oorloë te ontketen, vrede kies! Nie 'n vrede wat met geweld afgedwing word nie, maar deur dialoog! Nie met die begeerte om ander te oorheers nie, maar om hulle te ontmoet!

In alles kyk jy eerlik na jouself en jy vra: Wat oorheers my gedagtes en emosies: Is dit vrees of vertroue?

In Psalm 90 verduidelik die Here eers hoekom ons in 'n wêreld leef wat so vol onsekerhede is! Ons as mense verskil radikaal van die Here. Hy is my Heer aan wie ek behoort (90:1), die ewige God (90:2), terwyl ek as mens nietig is (90:3), 'n oomblik in vergelyking met die ewige God (90:4), 'n grassie wat net verlep (90:5-6). En as mens is ek so nietig teenoor die Here omdat die Here ons geskep het, maar óók omdat die Here woedend is in sy oordeel (90:7, 9, 11) oor ons sonde-gebrokenheid (90:8). Hierdie sonde-gebrokenheid is ons almal saam se sonde-gebrokenheid wat maak dat ons leeftyd ingeperk en met swaarkry gevul word (90:10).

Maar daar is ook die perspektief van Psalm 91 dat ons as gelowiges geborge kan leef, al leef ons in 'n stukkende, swaarkry wêreld.

Die Here is naamlik die Allerhoogste, die enigste en unieke God en ook die Almagtige wat alles kan doen én versorg. Ja, die Here is die God wat KAN, álles kan! (91:1). Daarom kan ons ons toevlug tot Hom neem (91:2, 9), maar ook onself herinner aan wat die Here in staat is om alles te kan doen, al gaan Hy dit nie outomaties doen nie (90:3-8, 10-13).

Wat beide Psalms egter ook beklemtoon, is dat daar hoop is, al is die wêreld stukkend. Wanneer die Here omdraai en in sy ontferming en troue liefde by sy kinders

kom, kan die doodsheid van ons sonde-gebroke wêreld omgekeer word (90:13-17).

En wanneer gelowiges aan die Here vasgryp, gryp Hy in: Hy bevry, Hy beskerm, Hy is met jou en Hy gee jou ruimte, Hy laat jou die verlossing sien (91:14-16).

Dis juis hierdie hoop, wat geanker is in wie die Here is en in wat Hy kán en wíl doen, wat jou en my tot rus bring binne die onstuimige wêreld waarin ons leef. Vrees hoef nie in my gemoed die botoon te voer nie, want ek kan myself toevertrou aan Hom wat kán! Angstigheid hoef nie my gedagtes te oorheers nie, want ek kan myself bly toevertrou aan Hom wat in sy genadige liefde in ons lewe wíl intree. En intussen kan ek myself steeds – soos die digter van Psalm 91 – bly herinner aan alles wat die Here kán doen, al gaan Hy dit nie outomaties doen nie.

Uiteindelik sal die Gees ook in my as kind van die Here werk en my herinner aan Hom wat ons Verlosser is, maar wat ook Koning in ons wêreld is: **Ons Here Jesus!** En in Jesus verdwyn die vrees, terwyl die vertroue deur die Gees se werk groei!

“... hierdie hoop, wat geanker is in wie die Here is ... wat jou en my tot rus bring binne die onstuimige wêreld waarin ons leef.”

Gebedsversoeke: Vrees of vertroue?

Marianne Janse van Rensburg

Here, waarom voel ek as kind van vandag so vasgevang? Waarom kyk ek benoud rondom my om te probeer sien vanwaar die gevaar op my afgepyl kom?

Ek is mos U kind, maar ek kan nie vandag kies tussen vrees of vertroue nie!

Sien U wat my moet beskerm dan nie dat hierdie storm my gaan vernietig terwyl U voor in die boot slaap nie?

Ek weet ek moet vertrou dat U kan doen wat U sê U kan doen.

Ek onthou U verbond met Israel; ek onthou U nuwe verbond!

Laat almal wat U vrees en U erken vir wat U is, U dien met diep ontsag en in gehoorsaamheid.

Dankie dat ek nou 'n vrygeborene is en nie meer 'n slaaf van vrees nie. Ek kies vryheid omdat U my vrygekoop het. Ek vertrou net op U.

Die slawerny van vrees sal my nie vasketting nie; ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee en my liefhet.

Woord van wysheid :

Hebreërs 8:6-7

Maar nou het Jesus 'n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van 'n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is. As daar aan die eerste verbond niks kortgekom het nie, sou 'n tweede nie nodig gewees het nie. Maar God bestraf die volk oor hulle tekortkoming deur te sê: "Kyk, daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit.

Hebreërs 8: 9-13

Dié nuwe verbond sal nie wees soos dié wat Ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie, want hulle het nie my verbond gehou nie en Ek het hulle verwerp, sê die Here. Dit is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. Hulle almal, klein en groot, sal my ken. Oor hulle ongeregthede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie. Deur van 'n nuwe verbond te praat, het God die eerste oud verklaar en wat oud word en uitgedien raak, sal gou verdwyn.

Hemelse Vader, dankie dat ons geregtigheid voor U nou in Christus herstel is. Dankie dat ons met vertroue voor U troon kan staan, ter wille van die glorie in die Kerk en in Christus Jesus, ons Here. Ons kies lewe, nie dood nie. Laat U Koninkryk kom en U wil geskied in die hemel en ook op die aarde.

Amen.

Saam-stap in die Here se Koninkryk

Pieter Kurpershoek

Op **Maandag 16 Maart** het ons as gemeente die voorreg beleef om medegelowiges uit nege ander Gereformeerde Kerke in ons omgewing by ons te ontvang in die saamkom van **Klassis Trans-Magalies**. Elke gemeente het twee persone afgevaardig om amptelik aan die klassis deel te neem (by ons was dit Danie Smit en Pieter Kurpershoek), terwyl ander persone ook ingesit en saamgesels het (by ons Hannes Venter en Gerhard van Pletzen). Uiteindelik was ons dié aand so bietjie meer as dertig mense wat bymekaar gekom het.

Die belangrikste vraag waarom ons saam besin het, het gefokus op ons verantwoordelikheid in die uitbou van ons Here se Koninkryk hier in ons omgewing. In ons gesprek is as vertrekpunt gestel dat ons daaraan vashou dat Christus op sy troon is en dat Hy sy kerk in ons omgewing sal laat groei. As kerke aanvaar ons egter ook ons roeping om die koninkryk te laat groei en met dringendheid binne die koninkryk te werk. Daarom is ons oortuig dat ons dringend 'n visie vir kerkplanting benodig. Ook is besluit om verder saam te besin oor wat die beste in ons omgewing gaan kan werk.



Die klassis het ook aandag gegee aan ons gemeente se adviesvraag aangaande die besluit van Sinode 2026 rakende kerke wat hulle nie hou aan besluite rondom die dien van vroue as predikant en ouderling nie. Die advies wat ons gekry het, was dat ons reg is in die manier hoe ons die besluit van Sinode 2026 verstaan, maar dat ons die kerklike weg moet volg om ons vrae rondom die besluit te hanteer.

Waar ons die klassis ontvang het, het ons susters onder leiding van Magda du Toit, almal met 'n heerlike ligte aandete bederf. Later kon ons ook ons bene rek, bietjie informeel gesels, terwyl ons koffie en tee gedrink het, saam met 'n lekker koeksister of twee.

Kyk mens terug op hierdie saam-kom, besef mens net hoe groot ons verantwoordelikheid is om die goeie nuus van ons Here Jesus juis hier in ons eie omgewing aan te kondig! Mag ons Here ons as kerke hierin seën in hierdie saam-stap in sý diens!

Stille Week 2026 - Ons Hoop in Christus (refleksie)

Clarissa Rehder



Met Stille Week kom ons elke jaar weer terug na die hart van ons geloof. Ons staan stil by Jesus se lyding, die onreg wat Hy beleef het en die kruis wat Hy vir ons gedra het. Hierdie jaar het ons gefokus op die hoop wat ons as Christene in Jesus Christus vind. Hierdie is nie 'n oppervlakkige of 'n wankelrige hoop nie, maar 'n vaste, lewende, bevrydende hoop, bevestig deur Jesus in Sy lewe as nederige Koning op aarde, sy sterwe as vlekkelose lam aan die kruis en sy opstanding as ware, lewende Here. Die groot vraag bly egter: **Glo jy dit?**

Maandag: Die pad wat Jesus moes loop, was vol ongeregtheid. Hy is onregverdig behandel en daar was talle valse aanklagte teen Hom. Hy is onskuldig tot die dood veroordeel. Maar tog, bewys Hy dat onreg nie die laaste sê het nie: Aan die kruis beleef Jesus die diepste onreg, sodat die grootste geregtigheid kan geskied. Deur Sy lyding bring Hy versoening en vergifnis. **“Tetelestai”** (τετέλεσται) – Die prys is betaal, geregtigheid het geskied. Daar is hoop in 'n ongeregte wêreld!

Dinsdag: Ons is gemaak om in verhouding te leef, met God en met mekaar. Maar mense-verhoudinge is moeilik, stukkend, onstabiel en soms eie-dienend. Jesus was van die begin af saam in volmaakte liefdesverhouding – Vader, Seun en Heilige Gees. En op aarde leef Hy steeds in verhouding met mense. Hy het saam met die dissipels 'n pad gestap. Maar op die kruis, net vir 'n oomblik, word die band tussen die Vader en die Seun verbreek, sodat ons weer in goeie, stabiele, liefdevolle verhouding met God en met mekaar kan leef. Daar is hoop vir ons verhoudings!

Woensdag: Waar vind ons ware vryheid? Wat is dit regtig? Ware vryheid lyk anders as wat ons verwag. Dit is nie om net vir onself te leef nie, maar om te leef ter wille van ander se goed. Jesus sê: **“Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.”** (Joh. 10:11) Dit is in Jesus waar ons ware vryheid vind, vryheid wat ons losmaak van onself en ons rig na 'n lewe van liefde en diens. Daar is hoop tot ware vryheid!

Donderdag: Ons smag na 'n intieme verhouding met die Here, maar die sonde skep die afstand tussen ons en God. Die mense kon na die tempel waar God woon toe kom, maar nooit werklik naby genoeg nie. Die voorhangsel het steeds gehang. Maar die gekruisigde Lam van God bewerk vir ons toegang tot die Vader. Hy is die ewige tempel, dus is dit nie meer nodig om op 'n afstand te staan nie. In Hom ontmoet ons God self wat by ons kom bly. Immanuel! Die voorhangsel skeur van bo tot onder. Jesus oorbrug die afstand tussen God en mens. Ons word ingelyf in die ware wingerdstok en deur sy Gees, maak die Here Homself tuis in ons harte. Ons word ingetrek in 'n lewende, intieme verhouding met Hom. Daar is hoop vir 'n intieme tuiste by die Here!

Vrydag: Ons beleef 'n nederige Koning wat genadig na gebroke mense toe kom. Hy kom nie met mag om te oorheers nie, maar met liefde om mense te herstel en vir hulle te sorg. In ons wêreld word mag dikwels gebruik vir eiebelang en om ander te benadeel, maar Jesus wys vir ons dat ware krag in selfopofferende diens, in liefde, en in omgee lê. Hy stel ons in staat om liefdevol, genadevol en selfopofferend te leef. Daar is hoop om ons krag en mag anders as die wêreld te gebruik!

Saterdag: En dan kom daardie stil, maar belangrike oomblik – die klip is weggerol. Hierin lê die waarheid wat deur eeue weerklink ... so daar is hoop in die stilte!

Sondag: Die graf is leeg – Waar is ons Here? Johannes het gesien en hy het geglo! Die dood is oorwin. Jesus het opgestaan. Ons hoop is volbring. Die hoop wat Jesus gee, is nie net iets vir eendag nie. Dit is 'n nuwe, herstelde lewe saam met Hom. 'n Hoop wat ons reeds nou kan beleef. Dit deursuur hoe ons dink, hoe ons leef, en hoe ons ander mense sien en hanteer.

Maar hoop in Christus is slegs moontlik as ons glo dat Hy werklik opgestaan het. En as ons dit glo, kan ons nie dieselfde bly nie. Daarom word ons geroep om uit hierdie hoop, in hierdie Christus, elke dag te leef.

Daar is hoop, want ons Here het opgestaan.

Glo jy dit self?

Amazing race - 21 Maart 2026

By hierdie dag vol lag, huil en huil van die lag, het ons ons gate uit geniet. Van bakke vol slym, tot probeer om drie bottels in jou sirkel te kry, was dit maar 'n morsige storie, maar wie hou nie daarvan om vol meel en verfpoeier gegooi te word nie?

Die groen span is as weners van die dag gekroon. Hulle het soveel stof in die ander twee spanne se oë geskop dat almal na die tyd met 'n tuinslang afgespuit moes word.

Die res van die Amazing Race gaan skouer
aan die wiel moet sit om by die pret van
die Body Smart dag kers vas te hou.



In die voetspore van sy pa!

Johnny Beumer

Ontmoet ons nuwe terreinwerker!

Vanaf 1 Maart het **Hendrick Malebye**, seun van ons vorige terreinwerker, Elias, by ons begin. Hendrick (38) woon ook in GaRankuwa by sy ma en reis elke dag met die trein na die Pretoria-Noord stasie om by sy werk uit te kom. Hy soek tans blyplek nader aan sy nuwe werk.

Ons wens graag vir Hendrick baie geluk met sy nuwe aanstelling en vertrou dat hy gelukkig sal wees in sy nuwe werk.



Geestesgaweskursus – Toegerus om te dien

Clarissa Rehder

Die afgelope paar maande het diakens Zoë, Clarissa en Danëlle die **“Dien Jesus” Geestesgawes-kursus** aangebied wat daarop gemik was om lidmate te help om hul gawes beter te verstaan en hulle te begelei om dit in die gemeente uit te leef.

Vanaf die eerste naweeksessie was dit duidelik dat daar ’n besondere gesindheid onder die deelnemers was. Die mense was gewillig om te leer en ywerig om te dien. Hierdie ingesteldheid het ruimte geskep vir betekenisvolle gesprekke en diep nadenke oor hoe elkeen uniek deur God toegerus is. Die deelnemers het nuwe insig gekry oor hul geestesgawes en ook dié gawes van die ander in die groep. Hulle het geleer hoe God elke persoon anders toerus in die opbou van die liggaam van Christus en lei in diens van ander mense.

Wat vir ons aanbieders baie bemoedigend was, is dat die deelnemers nagedink het oor hoe hulle meer aktief in die gemeente betrokke kan wees. Alhoewel sommige reeds getrou diensbaar was, het die kursus nuwe perspektief gebring en mense aangemoedig om met groter doelgerigtheid en vrymoedigheid hul gawes in te span.

Die Geestesgaweskursus het dus nie net kennis oorgedra nie, maar ook harte geraak en mense gehelp om met ander oë na hul plek in die gemeente te kyk. Dit is duidelik dat hierdie inisiatief ’n waardevolle rol speel om gelowiges toe te rus om saam die liggaam van Christus op te bou. Die volgende sessie word op **14, 15 en 16 Julie 2026** om **10:00** aangebied. As jy graag saam wil kom leer, stuur jou naam deur na die kerkkantoor by 079 162 3453 of klik op [**hierdie skakel**](#) om jou naam op te gee.



Gesels oor Jesus

Gerhard van Staden

Die Evangelisasiekommissie se sub-kommissie vir eie-omgewing het op 26 Januarie 2026 vergader en daar is besluit om ons gemeentelede touwys te maak en aan te moedig oor hoe om oor Christus te gesels. Hierdie is een van drie doelwitte wat vir 2026 beplan is.

Op **Sondag 8 Maart 2026**, direk na die erediens, is daar 'n uur-lange **Gesels oor Jesus** toerustinggeleentheid as deel van hierdie projek aangebied. Ongeveer 40 gemeentelede, wat die graad 10 en 11 katekisasieklasse ook ingesluit het, het hierdie geleentheid bygewoon. Hulle is in groepe van ses ingedeel.

Onder leiding van ds. Pieter Kurpershoek is daar geleentheid gegun om 'n kort vraelys te voltooi. Daarna is die aanwesiges by twee geleenthede kans gegun om vir twee minute lank met mekaar te kon gesels oor hoe hulle persoonlik Jesus beleef.

Hulle moes ook die rol van Jesus wat vir hulle belangrik was, kies, nl. Jesus as Here, vriend, leraar, herder of verlosser. Die idee was om aandagtig na mekaar te luister sonder om mekaar te onderbreek. Die doel was om in mekaar se vertellings iets van Jesus te leer.



Nadat die groepsbesprekings afgehandel is, is daar geleentheid gegun waar almal saam kon gesels oor dit wat hulle gehoor en aangeraak het.

Ten slotte is die vraag gevra:

Hoe verdiep en verryk ons verskillende maniere van kyk na Jesus ons eie lewe en ons lewe saam met mekaar?

Eenparig is besluit dat as jy ander mense se ervarings begin beleef en hoor, dan begin daar groei in jouself plaasvind.

Ds. Pieter het beklemtoon dat dit baie belangrik is om persoonlike verwysings uit jou eie lewe te gebruik om oor die Here te praat. Dit bly egter nodig om objektief te wees wanneer met iemand wat Christus nie ken nie gepraat word. Daarom is dit noodsaaklik om die Woord, dus die Bybel, as basislyn te gebruik tydens sulke gesprekke.

Ten slotte het ds. Pieter 'n gedeelte uit Paulus se gebed vir die Efesiërs voorgelees (vgl. Ef. 3:14-21). Ds. Pieter beklemtoon dat ons die Here se liefde beter kan leer ken wanneer ons dit saam met ander mag doen. Op jou eie is dit baie moeilik! Daarom moet ons meer en meer met mekaar deel oor wat Jesus vir ons doen en beteken.



Sustersaamtrek -

7 Maart 2026

Ina Willemse

Die gasvroue van die gemeente Magalieskruin het uit hul pad gegaan om almal welkom te laat voel en met aanmelding het elkeen 'n handgemaakte inkopiesak vol snuisterye ontvang. Om aan te pas by die verskeidenheid geskenke in die sak, kon gaste ook kies en keur uit 'n wye aanbieding gevulde vetkoeke saam met koffie en tee. Die dag het goed begin!

Suster Lenie Erasmus het almal teenwoordig verwelkom met 'n gedeelte uit **Spreuke 31** en na ds. Thys Erasmus se gebed, was die tafel gedek vir die res van die oggend se verrigtinge.

Wat 'n voorreg om na die puik gaskunstenaars, Lanie Coetzer en Douwe Bijkersma (The Perfect Blendship), te kon luister. Die twee sangers gaan dan ook later hierdie jaar by die 2026 Duetfees optree.

Ds. Pelser het 'n spesiale boodskap vir vroue gebring en ons het almal 'n uitnodiging na die 2027 Sustersaamtrek by die Lyttelton-gemeente ontvang. Voorstelle is welkom – skakel gerus **082 348 0398**.

Elke gas het twee potjies met kaktusplante ontvang wat hulle saam huis toe kon neem.

Miskien sou die oggend nog meer waarde ingehou het as die gasspreker 'n vrou was wat uit die perspektief van vrouwees ander vroue geestelik kon verryk. 'n Gedagte wat dalk in die toekoms meer aandag kan kry.



Kerkfinansies - Maart 2026

	Maart 2026		Jaar tot datum	
Inkomstes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Lidmaatbydraes ontvang	**	**	**	**
Evangeliesasie-bydraes ontvang	**	**	**	**
Ander inkomste (huur/rente)	**	**	**	**
Totale Inkomstes	**	**	**	**
Uitgawes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Ramings	**	**	**	**
Instandhouding: Woordbediening	**	**	**	**
Evangelisasie	**	**	**	**
Emeriti-versorging	**	**	**	**
Sustentatie Mmakau	**	**	**	**
Bate-instandhouding & verbeterings	**	**	**	**
Administratiewe uitgawes	**	**	**	**
Sosiale bydraes	**	**	**	**
Jeug	**	**	**	**
Studentopleiding: kostes	**	**	**	**
Totale uitgawes	**	**	**	**
Netto tekort vir die maand	**	**	**	**

Vir Maart 2026, het die kerkkas 'n surplus van ** gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto tekort van ** gehad. Die lidmaatbydraes vir Maart 2026 was ** meer as die bedrag vir die maand se lidmaatbydraes. Die lidmaatbydraes vir die jaar tot datum is ** meer as die bedrag vir die maand se lidmaatbydraes.

Ons is die Here dankbaar vir sy getroue voorsiening en ook vir die gemeentelede, vir hulle bydraes om die kerk en die begrotingsdoelwitte te ondersteun. Ons doen 'n beroep op die gemeentelede om asb. getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas. Gebruik verwysing: **Wyk, Naam, Van**

Kollig op ons kommissies en diensgroepe

Diakonie se diensgroepe: sosiale aktiwiteite & dienste

In die reeks oor die diakonie se diensgroepe fokus ons hierdie maand op die **sosiale aktiwiteite en dienste** wat aan ons gemeente gelewer word.

Hierdie diensgroep poog om onderlinge **meelewing deur middel van sosiale aktiwiteite vir ons gemeente se lidmate te reël en hulle deelname aan te moedig**. Dit bevorder interaksie met die doel om mekaar beter te leer ken. Om mekaar beter te ken vergemaklik die proses om mekaar te bemoedig, vir mekaar om te gee en om mekaar by te staan om sodoende 'n bydrae te lewer tot die algehele groei van geestelike volwassenheid binne 'n gemeenskap van gelowiges.

Die doel van hierdie diensgroep is om aan ons gemeentelede die geleentheid te bied om sosiale aktiwiteite by te woon deur middel van:

- ♥ Die koördinering van sosiale aktiwiteite.
- ♥ Beplanning en organisering.
- ♥ Kommunikasie met lidmate.

Die daarstelling van spesiale byeenkomste, spesiale vergaderings en spesiale geleenthede waar spyseniering vereis word, is uitgesluit by bogenoemde aktiwiteite. Dit word deur spesiaal aangewese komitees en/of die susters gereël.

Sr. Rita Kruger is tans die koördineerder van hierdie diensgroep met br. Paul Kruger wat as die skakelpersoon tussen die diakonie en die diensgroep dien.

Hierdie diensgroep is verantwoordelik vir die beplanning en organisering van:

Kom Kuier na Kerk (KKnK):

Die KKnK stel hom ten doel om ons gemeente as 'n gemeenskap van gelowiges byeen te bring. By sulke geleenthede word daar maandeliks op 'n informele wyse, met die uitsondering van die maande waar nagmaaletes aangebied word, na die aanddiens gekuier. Datums vir die KKnK word op die kerkkalender aangetoon.

Nagmaaletes:

Nagmaal word vier keer per jaar gevier.

Ons hou ook 'n paasnagmaaldiens.

Nadat die nagmaaldiens afgehandel is, word ons lidmate uitgenooi om die nagmaalete in die saal by te woon.

Gemeentekamp:

Die gemeentekamp word jaarliks aangebied waar ons lidmate uitgenooi word om vir 'n naweek van samesyn byeen te kom. Verskeie aktiwiteite word gereël wat sorg vir pret en plesier, alhoewel daar ook tyd ingeruim word vir meer ernstige aktiwiteite. Daar is byvoorbeeld gassprekers wat genooi en toepaslike lesings wat aangebied word.

Ad hoc-geleenthede: Ander aktiwiteite vir gemeentesamesyn en kuier, bv. 'n gemeentebraai, uitstappies, ens. word ook op versoek gereël.

Sr. Rita word deur 'n aantal broers en susters in ons gemeente ondersteun.

Indien u van mening is dat u oor 'n spesifieke gawe beskik om hierdie diensgroep by te staan of van hulp te kan wees, kontak sr. Rita gerus vir enige navrae.

In die volgende uitgawe sal ons die diensgroep vir ons seniors bespreek.

Diakonie

Dienswerk deur die diaken - Deel 1 (diakon-woordgroep)

Gerhard van Staden

(’n Beknopte weergawe van ’n navorsingstuk deur wyle prof. Gert Breed)

In die geskiedenis van die kerk moes die diakens ’n verskeidenheid rolle vertolk. Hierdie reeks van vier artikels kyk nadié tradisionele Bybelsebegroting van die wese en inhoud van die diaken se werk. Om dit te kan doen, moet die betekenis van dienswerk, soos in die Nuwe Testament omskryf, vasgestel word. Die diakon-woordgroep kan nie tot een kernbetekenis (soos barmhartigheidsdiens) beperk word nie.

Die betekenis van die **diakon**-woordgroep het sedert die begin van hierdie eeu (2 000) ingrypend verander. In die plek van nederige liefdesdiens, geniet die betekenis van **“tussenganger”**, **“woordvoerder”** en **“verteenwoordiger”** nou voorkeur. Dit wil sê:

Diakoneo:

- ◆ tree op as ’n tussenganger of agent (Mark.10:45)
- ◆ die uitvoering van ’n bepaalde taak waarvoor jy gestuur is (Hand. 19:22)
- ◆ die uitvoering van ’n amptelike taak (1 Tim. 3:10)

Diakonia:

- ◆ dienswerk as ’n tussenganger, mediasie, ’n opdrag (2 Kor. 9:12; Rom. 15:31)
- ◆ ’n diens wat aan iemand bewysword (Ef. 4:12; Luk. 10:40)
- ◆ die amp van apostelsen profete (Hand. 1:17, 25; 20:24; 1 Kor. 12:5)
- ◆ iets wat aan iemand gestuur word om die persoon te ondersteun (Hand. 11:29)
- ◆ ’n bepaalde ondersteunende taak waarvoor iemand geroep is (Hand. 6:2)

Diakonos:

- ◆ iemand wat dien as ’n tussenganger in ’n transaksie, agent, koerier (2 Kor. 6:4; 1 Tess.3:2; 2 Kor. 11:23; Kol. 1:7)
- ◆ iemand wat opdrag ontvang om die evangelie te verkondig (Kol. 1:23; Ef. 3:7)
- ◆ iemand word gestuur om ’n bepaalde taak te verrig (Rom. 12:1)

Etlike studies het hierdie ingrypende veranderinge bewerkstellig. Die volgendege volgtrekkings is gemaak:

- ◆ Barmhartigheidsdiens is slegs een van die betekenisvelde waarin die diakon-woordgroep voorkom en nie die kernbetekenis nie.
- ◆ Diakon-woorde het nie slegs een kernbetekenis nie.
- ◆ Ongeag in watter konteks die diakon-woorde gebruik word, dui dit op verantwoordelike dienswerk wat gedoen word in ’n gevolmagtigde en verantwoordbare opdrag van iemand anders.
- ◆ Die briewe van Paulus beklemtoon die betekenis van woordvoerder.
- ◆ Woorde kom dikwels in die Nuwe Testament voor met die betekenis van iemand wat deur ’n gemeente gestuur is om ’n bepaalde taak te verrig.
- ◆ Diakonos dui op iemand wat ’n belangrike en verantwoordelike taak verrig, selfs wanneer dit ’n slaaf is wat die werk doen.
- ◆ Diakonia en diakoneo dui nie primêr op dienswerk wat uit liefde vir iemand anders gedoen word nie, maar op die uitvoering van opdragte wat voortvloei uit jou gestuur wees deur God. Diens aan mense is dus primêr diens in opdrag van God.
- ◆ Die diakonos doen sy of haar werk met die persone of gemeente, wat hom of haar gestuur het en aan wie hy of sy verantwoording verskuldig is, in die agtergrond en agter hulle God as die primêre sender.
- ◆ ’n Wye verskeidenheid dienswerk word met die woordgroep beskryf.

Die **diakon**-woordgroep beskryf dus die totale bediening van die kerk van Christus.

Bronnelys:

Breed, G., 2012, Nuut gedink oor die wese en inhoud van die dienswerk van die diaken, HTS Teologiese Studies/Theological Studies 68(1), Art. #1059, 8 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v68i1.1059>

Dit Borrel in my!

As ons oor Jesus en sy weldade aan ons praat, dan **borrel dit as't ware uit ons uit van opgewondenheid!** Ons het gevra dat ons ervarings met mekaar deel oor hoe ons al in die verlede getuig het. Jy kan ook gerus hierdie rubriek gebruik om met die ander te deel wat Jesus vir jou beteken. Alle bydraes sal anoniem geplaas word. Vandeesmaand plaas ons graag hierdie bydraes wat deur van ons lidmate ingedien is:

"My oorlede moeder het hierdie gedig in 1991 geskryf. Dit was kort voordat sy met terminale kanker gediagnoseer is. Vyf maande later word sy in Velddrif, haar hartsplek, ter ruste gelê. Sy was 51 jaar oud. Dit het baie keer maar moeilik met haar gegaan. Nadat sy haar hele lewe lank in die Kaap rondgeswerf het, het sy Laaiplek/Velddrif ontdek. In hierdie baie wonderige vissersdorpje, bekend vir sy bokkoms, het sy die laaste vier jaar van haar lewe deurgebring. Alhoewel sy gelowig was, was haar geloofslawe afsydig. Tog, hier aan die Weskus het sy haar Skepper herontdek, haar hart volkome vir Hom gegee en Hom tot en met haar laaste kragte ingegee het, met volle oorgawe gedien!"

Om betrokke te wees ...

*Verwaaid deur die wind, 'n onseker kind ...
op pad na nêrens.
O Heer, wees genadig:
laat haar 'n plekkie vind ...
in hierdie verlate êrens!
Waaier terug na veilige weë —
al is dit ver en afgeleë.*

*Verwaaid deur die wind, 'n soekende kind ...
verflenter en verskeur.
Leeg en moeg gekasty
reik sy uit na haar Heer
en pleit: "Ontferm U oor my!"
Nooit weer sal sy dwaal —
deur liefde en lig word sy omstraal!*

*Die windverwaide kind het die
paadjie gevind ...
Gelei deur die Gees na Vree
tot hier aan die blou-groen see!
Hier waar ek U oral sien,
het ek geleer om U te dien:
Nooit weer doelloos en eensaam ...
in dankbare aanbidding prys ek U Naam.*

*Wanneer vreemdes ontmoet, eers skugter ...
dan die liefdesgloed!
Hoe baie vreugde het ek ontbeert?
Hoe baie het ek hier geleer?
Hoe kan ek ooit my dank betuig?
Kan ek ooit genoeg neerbuig —
om U te loof, te prys, te eer
vir die voorreg om U hier te dien, o Heer?*

"Dit was 'n voorreg om ons vier kleinkinders vir 'n aantal dae op te pas! Oupa moes elke dag met die bussie taxi ry om die kinders na hulle onderskeie skole en sportbyeenkomste te neem. Ouma moes sorg vir die etes en natuurlik, op spesiale versoek van die kleindogters, beskuit bak.

In die aande na aandete is daar aandgodsdiens gehou. Een aand vra Oupa vir elkeen wie Jesus is en wat Hy vir hulle beteken. Elkeen het dit pragtig vanuit haar perspektief beantwoord. Toe speel Oupa ds. Pieter se eerste klankoordenking oor Jesus (Mark. 8:29) vir hulle. Die klankoordenking word afgesluit met Lied 168, 'n besondere opname. Vir die kleindogters was dit só mooi dat hulle daar en dan vra dat Oupa vir hulle die lied sal leer. Oupa het toe so gemaak en daarna het almal dit hartlik saam met die opname gesing.

Na elke aandoordenking is daar gesing, maar daardie lied moes elke keer weer een of twee keer gesing word – dit was so mooi, ons het geborrel!"

"Verlede jaar het God dit vir ons gemeente moontlik gemaak dat al die predikante en kerkleiers van die Gereformeerde Kerk in Noord-oos Mosambiek in Milange vir 'n twee weke lange toerustingskursus byeenkom. Dit was uiters geseënd en almal is besiel en het met blydschap teruggekeer na hul huise.

So 'n kursus is egter baie duur – dink maar net aan die vervoerkoste van 33 predikante en kerkleiers wat van heinde en verre moes reis en om nagenoeg 40 monde vir twee weke te voed. Om daardie rede het ons vir die Sinode in Noord-oos Mosambiek laat weet dat ons hulle elke drie jaar sal ondersteun met so 'n kursus. Hierop het die Sinode hulle teleurstelling uitgespreek en gevra dat ons dit moet heroorweeg om die kursus op 'n jaarlikse basis te herhaal.

Hoe nou gemaak? Die kursus se totale koste beloop sowat R120 000 en ons het net R55 000 op ons begroting beskikbaar gehad. Die kursus vir 2026 was werklik in die weegskaal. Die Here het egter gesorg en vir ons gewys dat dit belangrik is dat daar met die kursus voortgegaan word! Binne 'n kwessie van twee weke kom daar R63 000 na vore uit verskillende oorde. Die kantoor van die Getuienisaksie van die NG Kerk bewillig R30 000, nog iemand kom na vore en skenk R20 000 en 'n anonieme persoon sê hy sal ds. Danie Murray (een van die aanbieders) se vliegkoste ter waarde van ongeveer R13 000 betaal.

Hoe wonderlik sorg ons Here as ons geroep word om hierdie werk te gaan doen! Dit was vir ons 'n bevestiging van ons roeping!"

Blokraai


April 2026

- ❖ Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- ❖ Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kerk se jaarprogram.
- ❖ Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.

- ❖ Neem 'n kopie by die kennisgewingbord en voltooi dan die blokkiesraaisel. Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- ❖ Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan fontein@annlin.co.za of plaas die papierweergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

Vorige korrekte blokkiesraaisels:
Hettie Wannenburg
Rita Kruger
Cobie Plomp
Blignaut Viljoen
Gerhard van Staden

Naam en van: _____



Blokraai (vervolg)

Leidrade - Af:

1. Voltooi: Tetelestai is die ___ woord vir Die prys is betaal, geregtigheid het geskied. (uit Stille week)
2. Waarmee word God gelykgestel in Marianne van Rensburg se stuk Om stukkend te wees ... en weer heel?
3. Voltooi: Hendrick ry met die ___ na Pretoria-Noord. (uit In die voetspore van sy pa)
4. Wie het navorsing oor dienswerk deur die diaken gedoen? (4,4,5) (titel, naam en van) (uit Dienswerk deur die diaken)
6. Op wat vertrou die mens tevergeefs in Psalm 146? (uit Moet op prinse nie vertrou nie)
7. Watter diere word meeste in die Bybel genoem? (uit Het jy geweet?)
10. Waar kom die régte Tuimelende toring voor? (uit Die tuimelende toring van Parys)
12. Watter kernwoord vat ds. Nic van der Walt se oordenking saam? (uit Ons hoop in Christus)
13. Uit watter Bybelboek kom die teks van die maand?

Leidrade - Dwars:

1. Een aktiwiteit wat deur die sosiale diensgroep gereël word. (uit Diakonie Sosiale dienste)
5. Hoe lank het die Gesels oor Jesus toerustingsgeleentheid geduur?
7. Gee die afkorting van die Bybelboek waarin die Here jou terugnooi na sy veiligheid. (uit Vrees of verlore?)
8. Voltooi: Die springbok van die Bybel was eintlik 'n _____. (Diere en voëls van die Bybel)
9. Wie word as kleingelowige in Matteus 14 aangespreek? (uit Hoërskoolrubriek)
11. Voltooi: ___ se werk is die tweede meeste naas die Bybel vertaal. (uit Het jy geweet?)
14. Watter span het die Amazing Race gewen?
15. Voltooi: In 'n chaotiese wêreld kan iemand soos ___ die norm word. (uit Hoor Jesus se voetstappe)

Het jy geweet?

Daar is só baie Bybelse figure wat herders was, dat dit nie verbasend is om te ontdek dat skape verreweg die diere is wat die meeste in die Skrif genoem word nie (bokke is tweede). Daar is ongeveer 100 ander diere waarvan ons in die Bybel lees, insluitend sommige wat sedertdien uit die Midde-Ooste verdwyn het, soos seekoeie, krokodille, hartbeeste, luiperds en leeus.

Bron:
Het jy geweet? Fassinerende feite uit die Bybel. JUIG! tydskrif

Die Bybel is die mees vertaalde boek in die wêreld. Teen 2025 het minstens 4 007 tale 'n gedeelte van die Skrif alreeds vertaal, met 776 tale wat die volledige Bybel vertaal het en 1 798 tale wat die volledige Nuwe Testament vertaal het.

Om bogenoemde statistiek in perspektief te stel, is Shakespeare, meesterskrywer van die Engelse taal, se werke die tweede meeste naas die Bybel vertaal en dit maar net in meer as honderd tale!

Bron:
Het jy geweet? Fassinerende feite uit die Bybel. JUIG! tydskrif

Ons deel met mekaar ...

Resep van Marianne Janse van Rensburg

Appel-en-sultana-speserybroodjie met geroosterde pampoenpitte

Genoeg vir een groot brood, of 2 platter broodjies.

Bestandele:

- * 375ml gedroogde appelstukke (1cm x 1cm stukkies)
- * 250ml karringmelk
- * 4 groot eiers
- * 250ml bruinsuiker
- * 180ml sonneblomolie (moenie met canola-olie vervang nie)
- * 750ml koekmeel

- * 7.5ml bakpoeier
- * 5ml sout
- * 5ml gemaalde Allspice spesery
- * 180ml sultanas
- * 40ml fyngerasperde suurlemoenskil
- * 125ml geroosterde pampoenpitte

Metode

- * Voorverhit die oond by 180°C.
- * Plaas die appelstukke in 'n bakkie en bedek met kookwater. Week vir 5 minute en dreineer die water.
- * Laat die appelstukke afkoel.
- * Gooi die karringmelk in 'n klein bakkie.
- * Klits die eiers in 'n groot mengbak tot lig en skuimerig. Voeg die suiker by en klits goed saam.
- * Voeg die appelstukke by asook die olie. Meng goed.
- * Sif die meel, bakpoeier, sout en Allspice saam in 'n groot mengbak.
- * Voeg die meelmengsel om die beurt met die karringmelk by die appelmengsel.
- * Rooster die pampoenpitte 5 minute lank by 200°C in die lugbraaier in 'n bakpapierdop. Die pitte sal effens oopgaan.
- * Laat die pitte 5 minute lank afkoel terwyl die deeg klaar voorberei word.
- * Voeg die sultanas, suurlemoenskil en pampoenpitte by.
- * Roer goed deur om 'n sagte beslag te vorm.
- * Spuit die panne liggies met kleefwerende sproei.
- * Voer die panne uit met bakpapier wat 2.5mm groter as die planne gesny is.
- * Vou die hoeke na binne om 'n netjiese hoek te maak.
- * Skep die beslag in die panne en maak die bokant gelyk.
- * Bak teen 180°C vir ongeveer 70 minute.
- * Toets met 'n sosatienstokkie of toetspen of die beslag gaar is of nie. Daar sal beslag aan die stokkie vassit as dit nie heeltemaal gaar is nie. Verhoog die temperatuur na 200°C en bak ongeveer 10 minute tot goudbruin en gaar.
- * Sodra die beslag van die kante van die pannetjie wegtrek, is die broodjie gaar.
- * Laat die broodjie 5 minute lank in die planne staan voordat dit op 'n draadrakke uitgekeer word.
- * Trek die papier versigtig af, en keer die broodjie om sodat die bokant sigbaar is.
- * Laat afkoel voordat dit met 'n tandjiesmes gesny word.
- * Bedien met botter. Geniet.

Diere en voëls van die Bybel

Diere wat gejag is (Deel 3)


Gerhard van Staden

In hierdie derde aflewering oor soogdiere kyk ons na die diere wat gejag is.

Ons fokus in hierdie artikel hoofsaaklik op die wildsbokke wat geskik was om te eet. Die behoefde diere het nog altyd die mens as jagter gefassineer omrede hierdie diere voorsien het in smaaklike vleis, velle vir klere, leerprodukte en 'n wye reeks gereedskap, asook ander voorwerpe, bv. blaashorings vir die jong skaapwagters.

Bewyse dui daarop dat daar drie algemene groepe diere was wat gewild was onder jagers. Dit was die takbokke, gaselle en ribbokke. In Deuteronomium 14:5 lees ons dat die takbok, ribbok, hartbees, klipbok, eland, gemsbok en springbok as diere met gesplete kloue en herkouende diere beskou is. Hulle is dus as rein diere gesien. In Jesaja 51:20 lees ons van die wild wat in 'n vangnet gevang is.

Die woestyingemsbok het hoofsaaklik in die verafgeleë woestyne voorgekom. Hierdie diere is ongelukkig feitlik uitgewis in die vorige eeu en daar is tans net ±200 van hulle in klein groepies in die wêreld oor. Die klipbok was ook 'n woestynbewoner en het tussen die gemsbok en hartebees in grote gepas.



Die laaste van sy soort is in 1900 uitgeskiet. Die destydse hartebees wat in die Beloofde Land voorgekom het, staan vandag bekend as die rooihartbees, presies soos ons dit vandag hier by ons in Suid-Afrika kry. Dit kom glad nie meer in die Midde Ooste voor nie.

Drie soorte takbokke het volop in die Beloofde Land voorgekom en is saam met die ribbok gejag (vgl. Deut. 12:22). In Jesaja 35:6 lees ons dat “lammes sal kan rondspring soos takbokke” wanneer God Israel kom red en in Jesaja 13:4 lees ons van 'n ribbok wat opgejaag is.

Die springbok, soos genoem in Deuteronomium 14:5, moet nie verwar word met die springbok wat hier by ons in die Kalahari voorkom nie! Tegnies gesproke staan hierdie boksoort as 'n gaseel (gazelle in Engels) bekend. Daar het 12 spesies gaselle in die Beloofde Land voorgekom.

In ons volgende artikel (Mei 2026) kyk ons na seekoeie en olifante.

Bronnelys:
Cansdale, George. 1970. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Briewekolom

"Ons het hierdie brief van sr. Marianne Janse van Rensburg ontvang wat die simboliek uitbeeld van van 'n hanglamp wat gebreek het en kunstig herstel word. God herstel ons gebroke mense ook op so 'n manier dat ons pragtig vertoon en ons lig kan laat skyn. (Red.)"

Om stukkend te wees ... en weer heel

Die lamp hang soos 'n groot halfmaan van die dak af. Drie swaar, brons kettings beur boontoe na die dak om saam te kom in 'n plat sirkel in die kelkblare van 'n bloeisel. Die lig weerkaats liggeel en goud van die mure af soos deursigtige sywurmdrade. Die alabaster van die lamp is delikaat en van onder af is daar poele van skakerings geel, amber en goud sonder definitiewe patroon in 'n dun kantwerk van lyne daarop soos grenslyne op 'n vergeelde landkaart.

Rondom die rand is 'n breë band van brons vanwaar drie fyngewerkte hingsels met amandelbloeisels na bo rank, om sterk kettings na die sentrale hegpunt aan die dak te lei.

Die poele van kleur wat inmekaar vloei en die lyne van die kantwerk kul my oë. Die lig wat van binne af na buite vloei, verklap nie die geheime van die sagte geel en amber van die alabaster nie.

Op die werkbank lê 'n gebarste sekelmaan voor die meestervakman. Sorgvuldig draai hy dit van kant tot kant, van binne na buite. Die krake volg geen patroon nie, net die kaartlyne van 'n ongemerkte bestemming. Sorgvuldig voel hy oor die letsels van krake wat deur die sagte klip loop.

Voor hom is 'n bakkie met lak en 'n sagte vyl, 'n kwassie wat stof moet wegvee en twee met fyn punte vir heg en vul.

Hy sien raak wat ander miskyk, hy sien meer as stukkend wees. Al langs die krake streel hy met sy vingers, voel hy hoe die paaie bymekaar kom net om weer te vurk.

Die vyl skaaf aan die splinters, die kwassie streel oor die litteken soos een wat oor 'n wang voel-voel na die imperfekte.

Die vakman is nie haastig nie, hy weet dat waarde lê in laag op laag se opvul. Hy versteek nie die onvolmaakthede nie, dit word deel van die proses.

Hy meng die laaste laag en die suiwer goudstof vier die laswerk ... vier die volmaaktheid in die onvolmaakte.

Die lig weerkaats liggeel en goud teen die mure en die nuwe paaie kry 'n bestemming.

Shalom: Om heel te wees
Marianne van Rensburg

Goeiemiddag Magda

Ek wil vir jou en jou span geluk wens met
Die Fontein se Maart uitgawe.

Die uitleg is baie mooi en die artikels kos vir
die siel. Dankie vir julle harde werk en
toewyding.

Groete
Corrie van Wyk

Het ons vertrouwe of leef ons in vrees?

Henriëtte Mulder

Vertroue is soms baie moeilik om te hê, veral wanneer vrees aan ons begin knaag. En, wanneer vrees eers vastrapplek gekry het, raak dit al moeiliker om te vertrou en begin ons twyfel in dit wat ons weet die waarheid is. Ons twyfel in mense, onself en die ergste is dat vrees maak dat ons begin twyfel in God en sy liefde vir ons.

Petrus se vrees vir dit wat hy om hom beleef het toe hy op die water geloop het, het gemaak dat hy begin twyfel het – Hy het sy oë van Jesus afgehaal. Jesus het hom dan ook hier gevra:

“Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?” (Matteus 14:31) terwyl Hy Petrus terugbring het na Hom toe.

Petrus se vrees het met nog 'n baie bekende gebeurtenis die oorhand gekry, toe hy in Lukas 22:61 Jesus drie maal verloën het. Petrus het wel berou gekry oor sy daad en ons ken hom vandag as iemand wat die Evangelie verkondig het en selfs vir sy geloof in die Here in die tronk beland het.

Laat ons toe dat vrees maak dat ons wegdraai van God? Of gebruik ons die vrees om na God te draai? Om soos Petrus nadat hy begin sink het (as gevolg van vrees) Jesus te vra om hom te help?

Glo ons dat God in alles by ons is? Hierdie sluit dan ook vreesaanjaende omstandighede in. Een so 'n voorbeeld uit die Bybel is wat Daniël in die leeukuil moes beleef het. Hoe vreesaanjaend moes dit nie wees om te weet dat, indien hy tot God bid, hy in die leeukuil gegooi sou word nie? Daniël het egter geglo dat God saam met hom is, of hy nou sterf of nie. Juis in hierdie vertrouwe en geloof het God sy almag aan die Mede en Perse gewys.

Gebruik daarom jou vrees om nader aan God te beweeg. Vra Hom om jou in jou vrees so te omvou met sy liefde en sterk te maak in jou geloof dat jou vrees nie die oorhand kry nie – dat jou vrees nie groter as jou geloof en vertrouwe word nie.

Dink aan 'n keer waar jou vrees jou vertrouwe in die wiele gery het en wat jy daaruit kan leer.

Dink aan 'n keer waar jou vrees jou vertrouwe en geloof in God versterk het en wat jy daaruit kan leer.

Die tuimelende toring van Parys – Deel 1

Nicola du Plessis

“Ons het dit reggekry!” Ek kyk in my noppies na my twee vriendinne wat oorkant my by ons eetkamertafel sit. Wat ek van hulle kan sien, in elk geval. Die Eiffeltoring staan meestal voor hulle. Dis darem nie die regte een nie. Dis ’n baie realistiese kartonweergawe ... Dis nou as jy uit my perspektief kyk.

Lara trek haar wenkbroue op. Dis nou maar een ding wat, in die laaste sewe jaar van ons vriendskap, nog nie verander het nie. Sy lewer nie altyd haar opinie nie, maar jy kry ’n relatiewe goeie idee van wat sy dink as jy na haar gesig kyk. ’n Beweging vang my oog. My maag maak ’n nare draai. Voordat ek iets kan doen, lê die boonste deel van die toring op die vloer. Die onderste deel kantel gevaarlik na regs.

“Dalk moet ons maar liever die Tumbling tower of Pisa oorweeg.” Ek gee vir Klara ’n kyk wat, in my opinie, so koud is soos die koudste windjie van die Drakensberge af. Dit klink seker vreemd dat my twee beste vriendinne Lara en Klara is, maar dis eintlik heel eenvoudig om te verduidelik. Hulle is ’n identiese tweeling. As jy vinnig kyk, bygesê. As jy mooi kyk, kan jy sien waar Lara steke gehad het. Dis eintlik ’n snaakse storie. Toe was dit definitief nie, maar as dit in ’n film gebeur het, sou ek heel waarskynlik gelag het.

“Klara, ons het al klaar die beplanning gedoen. As ons nou van plan verander, moet ons alles oor doen en jy weet net so goed soos ek dat dit ék gaan wees wat die sketse moet oor doen. Jy en Mia kan nie reguit lyne trek om julle lewens te red nie.”


“Dis nie my skuld dat jy, wat Lara Grobelaar is, hoogs perfeksionisties is en nie met ’n skewe lyn oor die weg kan kom nie.”

Ek sug. Ek ken min mense wat kan stry soos die twee. “Wat van ons probeer net weer. En hierdie keer hou ons hom regop tot ons weet die gom is droog.” Ek stoot nog ’n poging van die tafel af.

“Teen dié spoed gaan ons genoeg karton gebruik om die regte Eiffeltoring soos ’n modelweergawe te laat lyk.” Met ’n sug begin Klara van voor af om die vorms op die karton uit te sny.

Ek begin van die plastiekplantjies wat in die slag gebly het, weer regop tel. En soos gewoonlik lees Lara weer deur die opdrag. Net om seker te maak ons maak nie hierdie rondte droog nie.


“Uhm, julle ... Ek dink ons het ’n klein probleem.” As Klara die een is wat dink ons het ’n probleem, dan moet jy weet ... ons het ’n GROOT probleem ...





Inkleurprent

Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy. Plaas dan jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!



"U is my toevlug en my veilige vesting,
my God op wie ek vertrou." - PSALMS 91:2

Woordsoek

Gaan lees Psalm 56:1-2 mooi deur. Kyk dan na die letterblok en soek die woorde wat in die versies ontbreek. Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif van hierdie bladsy te maak.

D	A	W	I	D	N	Q	S	F	J	S	T	E	S	A	L	Y	M
V	V	U	G	J	T	T	G	L	F	M	U	I	E	L	H	A	E
W	R	V	P	O	Y	Z	V	N	B	M	G	M	E	L	C	P	N
N	O	O	V	W	D	T	R	Y	K	P	E	D	Z	E	N	P	S
N	X	O	E	W	F	V	V	G	A	I	N	G	O	R	V	R	R
Q	Z	F	R	G	H	E	O	F	G	N	A	Q	O	H	B	Y	P
S	K	V	Y	D	U	R	V	K	B	K	D	U	Z	O	F	S	M
U	C	I	J	C	C	T	N	B	X	E	I	E	S	O	B	S	R
C	B	N	X	I	Y	R	H	A	M	S	G	J	G	G	P	B	L
F	G	G	L	V	T	O	T	N	Z	S	M	J	I	S	K	P	J
W	B	A	A	F	S	U	D	G	H	Z	H	Q	K	T	P	P	Z
R	Q	J	U	V	M	D	K	H	X	E	W	V	A	E	Y	D	U

Psalm 56: 1-5:

"In ____ stel ek my vertroue. 'n Gedig van ____ na aanleiding daarvan dat die Filistyne hom in Gat gevange geneem het.

Wees my ____, o God, want daar is mense wat my jaag, ____ wat my vervolg van die môre tot die aand. ____ en laat jaag my teëstanders my, en ek het baie vyande, o ____ . Die dag as ek ____ word, ____ ek net op U. In God, wie se ____ ek ____, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan 'n blote ____ aan my doen?"



Blokadvertensies

***PINKSTER**



FEEES

23
MEI
2026

GK PRETORIA-ANNLIN

Terebinte Diensgroep

Ondervind jy probleme met depressie, angstersteuring of verslawing? Die Terebinte Diensgroep wil jou graag bystaan.

Whatsapp na:
072 809 8823

Of e-pos:
terebinte@annlin.co.za



GEBEDSGROEP VIR JEUG

"Laat die kindertjies na My toe kom..."

Lukas 18:16

"Bid gedurig."

1 Tess 5:17

Kontak:

Anneën van der Merwe

072 671 8373

of skandeer die QR-kode na die groep.



Met die doop van elke kindjie belowe ons as gemeente om die kindjie te ontvang, vir hom/haar te bid, lief te hê en 'n voorbeeld te wees.

Ons is opsoek na mense wat bereid is om ons kindertjies na Jesus toe te bring deur vurig vir hulle te bid!

Dopper-Jukskeidag 18 April 2026 7:00 vir 8:00

VIER AFDELINGS:
A, B, C
EN
D VIR DOPPERS
(GEEN BEPERKING OP
AANTAL SPANNE PER
GEMEENTE)

TEN BATE VAN DIE
KONINGSKINDERS

R250 PER
SPAN

GAUTENG
NOORD
JUKSKEIBANE

NAVRAE:
CARIN 0798844916
HELEEN 0824961079



SKRYF IN OP SKAKEL
SLUITINGSDATUM:
15 APRIL 2026

Dagboek solank die DATUM!

Gereformeerde Skool Dirk Postma



16 MEI 2026



**DOPPERSPELE
2026**



Skolieskamp 2026 1 - 5 Julie



Meer inligting
sal volg

Vir navrae kontak
Luhan van Heerden:
079 886 5661
luhanvanheerden@gmail.com



Gereformeerde Kerk
Uitschot

MOOTLITE GELOOF is 'n WERKWOORD

28 Junie - 3 Julie

Graad 5-9 | R 1 200pp
Thaba Morula Kampterrein



Inskrywingsvorm:
<https://forms.gle/IG9gdSGTghUUrGFZ8>



mootlittekamp@gmail.com
ds Lohan Linde (084 787 5119)
ds Hardus Lee (082 992 9822)

MOOTLITE - LITE DIE VUUR

Gereformeerde Kerk Kameeldrift
nooi almal uit na hul 50 jaar Fees!



Hou die datums oop -
naweek van DV 22 tot 24 Mei 2026

Ons nooi oudlidmate en persone wat verbonde was aan die
gemeente om met ons in verbinding te tree.

Kontakbesonderhede: Elize van der Walt

kerkkameeldrift@gmail.com

Skandeer die QR Kode of klik op die ikoon
hieronder vir ons sosiale platforms:



STUDENTE & JONGWERKENDES RIVIERTOER

Fietsry

Roei

Swemgat

Verblyf

Klik vir
meer
inligting

R600 Per persoon
24-27 APRIL

UITNODIGING DAMESOGGGEND 22 Augustus 2026

SCHEPPEL
Voorskou

JE-ANI SWIEGELAAR

JAK DE PRIESTER

VENUE:
JONIBACH SPORTSENTRUM

TYD:
08:00 VIR 09:00

KOSTE:
R250 P/P

GESAMENTLIKE UITREIKAKSIE:
VAN PRETORIA-GEMEENTES
TEN GATE VAN DIE
Pres Kruger Kinderhuise
(GEORGANISEER DEUR DIE GEREFORMEERDE KERK KAMEELDRIFT)

KONTAK:

Susan Fourie
082 745 4117

Elize vd Walt
079 339 5244